# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

*September 2019*



**Birmingham Roller in 2011 geteel deur wyle Chris vd Berg en Chris Lamont van Rolling Thunder Lofts**

FOR THE LOVE AND CARE OF FANCY PIGEONS / VIR DIE LIEFDE EN VERSORGING VAN SIERDUIWE

OFFICIAL MOUTHPIECE OF SAFPA / AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE SASV

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Editorial / Redaksioneel | 3 |
| BRVK Spes toekennings - Christo Munnik | 4 |
| William H Pensom - Simon Jordaan | 6 |
| The Ideal Showroller - Christo Munnik | 7 |
| The Pigeon - Part 4 - Simon Jordaan | 8 |
| Birmingham Roller vs SA Distance Roller - Christo Munnik | 10 |
| Scoreboard and Rules | 16 |


## Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| H071 | Tom Ryke | 01-Oct |
| W038 | Hansie Botes | 02-Oct |
| H011 | Edu le Roux | 02-Oct |
| N041 | Mrs Labuschagné | 15-Oct |
| G040 | Rudie Viviers | 16-Oct |
| C023 | Roy Jordaan | 18-Oct |
| J010 | Johan van Zijl | 19-Oct |
| V021 | Lionel Kruger | 20-Oct |
| K044 | John Rudman | 20-Oct |
| N041 | Mr Labuschagné | 21-Oct |
| K018 | Braam Rademeyer | 21-Oct |
| K047 | Desmond v Vuuren | 22-Oct |
| B006 | Peet Botha | 24-Oct |
| J019 | Pieter Labuschagné | 24-Oct |
| B035 | Ruan de Bruin | 29-Oct |

***Ill members***
***None***

***Deaths***
***None***

























Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250 - Half page - R450 - Full page - R850**

**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**



**National Editor**
**Cora Munnik**

Hier is ons weer aan die begin van 'n nuwe maand en 'n splinternuwe seisoen. 'n Nuwe seisoen ten opsigte van die weer, maar ook ten opsigte van die duiwe bedrywighede.

Die vorige seisoen van duiweskoue is verby en nou is die streekbesture besig met die beplanning van hulle Jaarvergaderings en al die lede is kliphard besig met die teling van die duiwe.

Albei hierdie aktiwiteite is baie belangrik in die voortbestaan van die stokperdjie omdat belangrike sake bespreek word op vergaderings en belangrike besluite geneem moet word en duiwe moet geteel word om te kan skou en nuwe lede te help.

Die teelseisoen is seker een van die opwindendste seisoene omdat daar besluit moet word oor watter parings gedoen moet word om die beste duiwe te teel, en dan die aftel van die dae totdat die eerste eiers gelê word. Nou begin die gewag totdat die kleintjies begin pik en uitkom en dan word die kuikens met valkoë dop gehou om te sien hoe hulle ontwikkel en of daar potensiële skouwenners is.

Terwyl ons nou in hierdie seisoen is van nuwe lewe waar al die plante begin ontwaak wil ek die wens uitspreek dat al die lede ook bietjie sal wakker word en 'n bietjie bydraes lewer tot "Die Sierduif".

Geniet hierdie seisoen en mag julle almal kampioene teel.

## *MAG JY...*

*Nooit omdraai wanneer jy teleurgestel word nie.*

*- nooit ophou wanneer jy verloor het nie.*

*- nooit bly lê wanneer jy geval het nie.*

*- nooit haat wanneer jy nie waardeer word nie.*

*- nooit hoogmoedig word wanneer jy presteer het nie.*

*- nooit rus wanneer jy voorspoed gevind het nie.*


*- nooit in die steek laat wanneer jy vertrou word nie.*

### New & Rejoined Members - 2019

B076 - Sefan Brill - New
B077 - Johan Nel - Rejoin
B078 - Jan Grobelaar - Rejoin
B079 - Sarel J v Zyl - New
B080 - Jaco Fick - New
B081 - Pieter Smit - New
B082 - Tommy Laubscher - New
B083 - Hendrik v Rensburg - New
B084 - Pieter v Vreden - New
C044 - Daan Labuschagné - New
C045 - SB Buys - New
D046 - LEM Haasbroek - New
D047 - Johannes Swart - New
D048 - Pieter Joubert - New
D049 - Huntyr v Deventer - New
D050 - Danie Groenewald - New
H077 - Natalie Neethling - Rejoin
B084 - Pieter van Vreden - New
G043 - Johandri Swanepoel - New
H072 - AJ vd Walt - New
H073 - Hendrik Matthee - Rejoin
H074 - Raheel Moola - New
H075 - Cliffhanger Lofts - New
H076 - Lukas Grundling - New
K046 - Herbie Howe - New
K047 - Desmond v Vuuren - Rejoin
K048 - Cornel Gillmer - Rejoin
K050 - Quentin Oosthuysen - Rejoin
K051 - Gawie Rousseau - New
N043 - John Mowat - New
N044 - Cora Munnik - Rejoin

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Birmingham Roller Vertonersklub spesiale toekennings

### Ingestuur deur Christo Munnik

Ek het vir Cora gevra om die kriteria vir die toekenning van die Birmingham Roller Vertonersklub se spesiale toekennings te plaas sodat lede van die klub kan aansoek doen vir die spesiale toekennings. Die enigste lede wat tot nou toe nog die toekennings ontvang het is:

1. Christo Munnik met Brons, Silwer en Goue vlerke sowel as die Meesterteler en Lewenslange Prestasie toekenning.
2. Wyle Christo vd Berg met Brons, Silwer en Goue vlerke asook die Meesterteler toekenning.
3. Raymond Hohls met Brons, Silwer en Goue vlerke asook die Meesterteler toekenning. Die toekennings is al in 2006 aan die lede toegeken en sederdien het niks nog gebeur nie so as jy voel jy kwalifiseer doen asb aansoek.

**Inleiding:**

Nadat daar tydens 'n Birmingham Roller vergadering 'n voorstel ter tafel gelê is om vir die Birmingham Roller telers 'n Meersterteler toekenning te maak het die bestuur van die klub al die lede van die Birmingham Roller Vertonersklub gevra om te probeer om 'n kriteria daar te stel vir die toekenning van die gesogte prys. Die meeste lede het nie gereageer nie, maar Rodney Stevens, Christo Munnik, wyle Chris vd Berg en Raymond Hohls het wel 'n poging aangewend waarvan die grootste poging sekerlik van Rodney Stevens afgekom het. Die lede van die Birmingham Roller Vertonersklub het toe verlede jaar tydens die Prestige skou vir die vier lede gevra om al die feite bymekaar te bring sodat die toekennings kan begin.

Enige toekenning op enige gebied hetsy sport, werk of stokperdjie moet in die eerste plek nie goedkoop wees nie. Dit beteken nie dat die toekenning buite bereik moet wees nie maar 'n toekenning soos Meesterteler behoort buite bereik van ongeveer 90% van alle lede te wees. Alle lede moet op gelyke voet kan meeding en die speelveld moet gelyk wees maar 'n vereiste van 100% moet daar gestel word en verkry word voor so 'n toekenning gemaak kan word. Daar moet erkenning gegee word aan lede wat probeer om bo uit te kom en van die toekennings moet makliker bekombaar wees as ander.

Nadat al die feite bymekaar gegooi is het ons saamgestem dat die volgende toekennings gemaak behoort te word aan Birmingham Roller telers in volgorde van prioriteit nl.:

1. Lewenslange Prestasie Toekenning (Life time achievement award)
2. Meester teler (Master breeder)
3. Goue vlerke (Golden wings)
4. Silwer vlerke (Silver wings)
5. Brons vlerke (Bronze wings)

Die komitee het toe verder gaan sit en 'n kcriteria uitgewerk vir al die bogenoemde toekennings. Daar was ook eenparig besluit dat die kriteria elke vyf jaar hersien behoort te word sodat ons nie stagneer nie. Vennootskappe in die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging se punte tel apart vir elke lid van die vennootskap, dus met ander woorde elke lid kry dieselfde punte vir een van die vennootskap se duiwe wat presteer.

**Kriteria:**

**1. Lewenslange Prestasie toekenning (Lifetime achievement award)**

Die bogenoemde toekenning se kriteria sal dieselfde lees as die Meesterteler toekenning met die volgende punte wat bykom:

a. Betrokkenheid by aktiewe vliegklubs. Die lid moet betrokke wees of moes betrokke gewees het by die stigting van ten minste een vliegklub en/of so 'n klub self gestig het.

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

b. Die lid moes vir ten minste vyf jaar aktief aan kompetisies deelgeneem het. Uitslae behoort voogelê te word.
c. Die lid moes ook ten minste vir twee jaar op die bestuur van so 'n klub gedien het.
d. Die lid moet in besit wees van die Meesterteler toekenning om op die toekenning aanspraak te maak.

**2. Meesterteler (Master breeder)**

a. Moet lid wees van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging vir tien jaar en langer.
b. Moet lid wees van die Birmingham Roller Vertonersklub vir tien jaar en langer.
c. Moes lid gewees het van die dagbestuur van die Birmingham Roller Vertonersklub (President, Vise-President en Sekretaris) vir twee termyne en langer.
d. Moet Nasionale status as teler en/of Beoordelaar hê in die ras.
e. Moes betrokke gewees het by die aanbied van ten minste drie Presitge skoue.
f. Moes ten minste twee Kampioen duiwe vertoon het op enige Prestige skou met eie geteelde duiwe. Indien die duif nie sy/haar geteelde duif is nie gaan die eer aan die teler van die betrokke duif.
g. Moet konkrete bewys kan lewer op aanvraag van sy/haar bydrae tot bevordering van die ras naamlik:

(1) Die aanbied en/of bywoon van duiwedae.
(2) Verspreiding van literatuur aan lede.
(3) Verspreiding van goeie teelmateriaal onder die lede.
(4) Een honderde persent skoon rekord in die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging en Birmingham Roller Vertonersklub.

h. Moet in besit wees van die Goue vlerke (Golden wings) toekenning.

**3. Goue vlerke (Golden wings)**

a. Moet lid wees van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging vir tien jaar en langer.
b. Moet lid wees van die Birmingham Roller Vertonersklub vir tien jaar en langer.
c. Moes al ten minste drie maal die Kampioen duif op 'n SA Kampioenskap skou met eie geteelde duif vertoon het.
d. Moet in besit wees van die Silwer vlerke (Silver wings) toekenning.


**4. Silwer vlerke (Silver wings)**

a. Moet lid wees van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging vir vyf jaar en langer.
b. Moet lid wees van die Birmingham Roller Vertonersklub vir vyf jaar en langer.
c. Moes ten minste al drie keer beste ou en/of beste jong duif tydens die SA Kampioenskap skou in die ras vertoon het.
d. Moes ten minste al ses keer enige streekskou die beste Birmingham Roller vertoon het.
e. Moet in besit wees van die Brons vlerke (Bronze wings) toekenning.

**5. Brons vlerke (Bronze wings)**

a. Moet lid wees van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging vir twee jaar en langer.
b. Moet lid wees van die Birmingham Roller Vertonersklub vir twee jar en langer.
c. Moes ten minste een keer al beste ou en/of beste jong duif tydens die SA Kampioenskap skou in die ras vertoon het.
d. Moes ten minste al twee keer die beste duif op enige streekskou vertoon het of ten minste drie keer die beste ou en/of beste jong duif op enige streekskou vertoon het.

Daar moet gelet word dat die toekennings niks te doen het met die toekennings wat jaarliks tydens die SA Kampioenskapskou gedoen word nie.




**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**


Old German Owl Club • S.A.F.P.A Specialist Club •

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



# WILLIAM H PENSOM




From Pigeon Talk
Submitted by Simon Jordaan

This next excerpts was written by William H Pensom in the book, “Acrobats of the Air” around 1941.

### What a Birmingham Roller Is

A Birmingham Roller is not necessarily one that is deep to the extreme, but one displays in its performance a likeness to a cricket ball spinning to earth in a straight line; the old saying put it, “Like a ball and straight as a boat line”. The bird on starting generally raises its wings, claps, spread its tail slightly downward, and finishes in a similar manner; any deviation from a straight course cannot be classified as a true roll. The true Roller shows no separate movement between each revolution but continues in an unbroken spin; incidentally, such phases as “inconceivable rapidity: and “lightning whirl” refer to the rapid manner in which each somersaults is executed and not, as one might suppose, to the descent from the start of the roll until the finish.

A fair impression of true rolling is obtained by rotating the forefinger in small circles, closely together, downwards; or better still, in a similar style to the action of an unwinding Yo-Yo. A rolling pigeon can only be so termed from its display in flight and if each movement is discernible then that bird can only be styled a “tumbler” until perfection is attained. On the other hand, should the performance be continuous but lacking in speed and tightness, the bird could be called a “roller” but an imperfect one. Such birds as the latter are capable of turning any distance of from fifteen yards whilst a true roller very seldom spins deeper than fifteen yards, and neither will it twizzle. The term “spinning” applies to a bird making several lightning somersaults, seemingly without losing altitude.







**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**





**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**


**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter,Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**
**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**



**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**
**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**



## The Ideal Show Roller: The NRC's Guide to Judging the Show Roller

**by Jeff Davies September 2002**
**Submitted by Christo Munnik**

This Show Roller standard is set out to maintain a pigeon of size, shape and plumage suitable for kit flying, in fact, a flying breed which can still fly with style and some endurance.

**BODY TYPE: (15 points)**
A pigeon with balance and symmetry is the requirement.

**SIZE:**
A short, wedge shaped pigeon is ideal, long cast birds are regarded as a serious fault. Cocks to measure 80-100 cms from the back of the neck to the end of the tail, hens 70-90cms. The keel should be medium depth directly below the wing butts, and should, with a gradual upward sweep, meet the vent bones. Deep keeled birds are generally big and not ideal.

**STATION: (8 points)**
At best the Roller should be low on the legs, with the legs nicely spaced and no sign of knocked knees. With the wings carried on the tail, and the short tail angled down and carried about 25mm above the floor. The wing butts should blend well into the body plumage. The neck should be short, and the head carried some 70mm in front of the bird's axis, giving the impression of alertness and designed for flight.

**IN THE HAND: (20 points)**
The bird's bone structure determines its size, but the flesh and muscle gives the body the ideal 'feel' and condition; a firm apple body is the requirement. The body plumage to have a rich silky texture and be as dense as possible. Back cover should extend on to the middle of the tail and provide a strong waterproof rump. A weak rump is a bad fault. The spread, open wing should show strong, springy secondary and primary feathers with good width of webbing, and be free of pinholes or fret marks. The twelve tail feathers should be similarly endowed and when closed, the tail width should be no more than 35mm wide. Clean legs are preferred.

**HEAD & NECK QUALITIES: (50 points)**
It is the head of the Show Roller that is accored the greatest significance and value. Expression, that unique quality, is only recognised in a bird where conformity of beak, head contours and eyes are ideal. The beak should be fine and spindle in its sructure, and should be set straight off the face of the Roller. It should be 12mm-15mm in length. Thick, coarse beaks or beaks angled down from the face are serious faults which detract from the expression. Clean, flesh coloured beaks are preferred on baldheads, but stained or dark coloured beaks are acceptable on badge marked or plain headed Rollers. The wattles should be small, neat and white in colour. The Roller's frontal plumage


**Jaco Fick - B080**
**Breed with:**
**Birmingham Roller, Oriental Roller, Felegyzahaer Tumbler, Frillback, Indian Fantail, English Fantail, English Trumpeter, Old German Owl, Blondinette, Barb, Old Dutch Tumbler, Runt, Carrier, Egyptian Swift, Norwich Cropper, Brunner, Maltese, Silician Swallow, Modena, Chinese Owl, Ice Pigeon Muffed, Archangel, Lahore, American Showracer.**
**Contact information:**
**Cell: 079 6761 6548**




Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

is vital to expression. Ideally it is nipped in beind the wattle and rises in a slightly widening arc to its zenith above, but in front of the eyes. The frontal plumage also arcs out in a slightly smaller radius into the face, but without obstructing the birds vision. Snipey frontals are bad faults, but at the other extreme, Tumbler type frontals exclude expression and are not ideal. From its zenith above and in front of the eyes, the line of the head plumage should slowly fall in an oval, sweeping arc, forming a strong back skull which blends into the thick, dense neck plumage. Likewise, the frontal should blend into the face of the Roller. The neck plumage should be thick and blend into the body above the wing butts, and blend also into the breast plumage. The whole head and neck, viewed from any angle, should be free of flats or corners. Its overall effect should present a pleasing, attractive pigeon, without any exaggeration. Eyes are also vital to expression; ideally positioned slightly above the wattle, and 14mm-16mm behind them. Eyes should be bright, with the pupil at dead centre, and pinhead small in good light. Eye colour varies from deep orange through yellow, brown, gravel to pearl, but orange and yellow are preferred. Bull or odd eyes are a disqualification in the show pen. Large pupils or pupils pulled to the front of the eyes are a serious fault and an anathema to expression. The eye cere should be hardly visible.

**COLOUR & MARKINGS: (7 points)**

Whilst vital to a pigeon's attraction, colour and markings are secondary to head qualities and overall type. That said, rich attractive colours and pleasing markings should be accorded merit. However, a drab coloured bird of ideal type should always be placed above one of inferior quality.





**The Pigeon Part 4**

**From The Pigeon**

**Submitted by Simon Jordaan**

# The Pigeon as a Messenger:

**Pigeon Post Woodcarving 1481**



The pigeon is probably best known for its ability to return 'home' from long distances and has therefore been used extensively throughout history as


**MODENESERKLUB VAN S.A.**

**President: Jan Lombard - 083 274 1014**

**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

**DIE PERFEKTE RAS:**

**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

a messenger, dating as far back as 2500 BC and continuing into the 21st century. The first historical mention of the pigeon being used to carry messages was in the city of Sumer in southern Mesopotamia in 2500 BC. The ruler of the city released two doves to carry the news of the relief of the city from its warring neighbours.


It is believed that pigeons have been bred in China since 772 BC, and according to author Salva dor Bofarull, Indian and Arab merchants used carrier pigeons when visiting China. Several hundred years later, references have been found that confirm pigeons were used to carry messages attached to their legs. At the first Olympic Games held in 776 BC, every athlete taking part brought a homing pigeon from his village. If he won his event, his would be the bird that carried the news home.

In 532 BC a Greek poet referred to the pigeon as a message carrier in a poem entitled 'Ode to a Carrier Pigeon' and later, between 63 BC AD 21, the Greek geographer Strabo noted that pigeons were trained to fly between certain points along the Mediterranean coastline to carry messages of the arrival of fish shoals for waiting fishermen. In the 5th century BC the first ne twork of pigeon messengers is thought to have been established in Assyria and Persia by Cyrus the Great, and later in 53 BC Hannibal was thought to have used pigeons to carry despatches during the Battle of Modena. Julius Caesar is also believed to have used pigeons to carry messages during the conquest of Gaul (northern Italy, France, Belgium and western Switzerland) from 58 to 51 BC.

In the 12th century AD Sultan Nured din built pigeon lofts and dovecotes in the cities of Cairo and Damascus, where pigeons were used to carry messages from Egypt to cities as far away as Baghdad in modern day Iraq. This extensive system of communication, using pigeons to link cities hundreds of miles apart, is considered to be the first organised pigeon messaging service. Also in the 12th century AD, during the siege of the city of Acre in northern Israel, the Sultan Saladin (Sultan of Egypt and Syria) used pigeons to send messages to his garrison. A century later, after the fall of Constantinople in 1204, the Italian victors sent messages back to Venice by pigeon, some 700 miles away.

In the early 1800s pigeons were used for the first time as commercial messengers by the Rothschild family to communicate between their financial houses. A series of pigeon lofts were set up across Europe where carrier pigeons were housed and then dispatched with important financial information. This method of communication was far more efficient and considerably faster than any other form available at the time, and it allowed the Rothschild family to play the markets ahead of the competition and amass a fortune as a result.

Later, in 1850, pigeons were used to great effect as commercial messengers by the world famous Reuters News Agency. The service was started in 1850 in Germany and pigeons flew between Aachen and Brussels in Belgium, carrying the latest news and prices of stocks and shares. A telegraph service had already been established between the two countries by 1850, but it was so unreliable, and there were so many gaps in the communication lines, that pigeons were used for their speed and reliability. Pigeons were able to travel the 76 miles between Aachen and Brussels in 2 hours, whereas the railway took over 6 hours to do the same journey. During the siege of Paris by the Prussians in 1870--71, carrier pigeons were taken out of the city, along with refugees, by balloon. The pigeons were then taken to pigeon lofts set up well outside the battle zone from where they could be sent to cities throughout France. Communication between the besiegcities and the outside world then became possible as a result of this unique system of carrying messages.






**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**



**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**



## Birmingham Roller versus SA Distance Roller

**Christo Munnik**

Ek is deur lede van die Birmingham Roller Vertonersklub gevra om die standaarde van die twee Roller rasse te vergelyk om die verskille aan te dui. Die versoek is gevra omdat daar te veel duiwe in die SA Distance Roller afdeling wat maar net swak Birmingham Rollers is. Lede moet egter verstaan dat die Birmingham Roller al sedert die laat sewentigerjare geskou word maar dat die Birmingham Roller Vertonersklub eers in 1982 gestig is en op hulle eie geskou het nadat die eertydse Staande Beoordelaars komitee onder leiding van Oorlede Cecily Pretorius die ras se standard aanvaar het. Die SA Distance Roller is ongeveer 2000 eers begin skou ook nadat die toe Beoordelaarsforum onder my leiding die Standaard aanvaar het. Ek was direk betrokke by die beginjare van die Birmingham Roller en ook met die SA Distance Roller waar ek met die opstel van die standaard aanvanklik en ook die hersiening van die die standaard in Bloemfontein, so ek dink ek sal die antwoorde hê op die lede se versoek.


Albei die rasse is in die verlede vir baie jare slegs in vlieg kompetisies gesien maar omdat daar ‘n geskrewe standaard bestaan het vir die Birmingham Roller het manne soos Johnny Conradie, Hennie Cloete, Con vd Westhuizen en ander lede die duiwe begin skou. Die sogenaamde SA Distance Roller was onder Roller boere altyd bekend as “Locals” en die Birminghams as “Imports”.

Volgens oorlewering en ‘n artikel in die “Birmingham Roller Special” in “Die Sierduif” van Februarie 1982 is die eerste aangetekende invoere in 1972 gedoen en wel deur Toppie Jansen en Boet Smal wat 20 paar duiwe van Ken White van Brittanje af ingevoer het. Martiens Botha het ook dieselfde jaar vanaf Ernie Stratford, na ‘n besoek aan voorgenoemde, 3 paar duiwe ingevoer wat Stratford-Brown-Harris bloedlyn genoem was. In 1973 voer Ramon Holbert en Toppie Jansen duiwe vanaf Ernie Stratford en Ollie Harris af in. Die duiwe is deur die twee here uit die lug uitgekies en 24 paar duiwe is saamgebring. In 1974 voer Ramon Holbert en James Jennings 20 paar duiwe van Ernie Stratford en Bob Brown af in. In 1976 voer Ramon Holbert 10 paar duiwe van Bob Brown af in en verskillende Roller klubs voer ook ‘n aantal duiwe van Brown af in wat bekend gestaan het as






**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

die “looitjie duiwe” omdat die duiwe geloot was om te help betaal vir Brown se besoek aan Suid-Afrika. In 1977 voer Ramon Holbert en Ben Vorster weer 20 paar duiwe in vanaf Bob Brown. Toe eers weer in 1982 voer Toppie Jansen weer 15 paar duiwe in vanaf Bob Brown. So hierbo kan gesien word dat die meeste duiwe vanaf Brown en Stratford af ingevoer was. Intussen het die manne en vroue met die “locals” aangegaan en is sommige van die nuwe “imports” maar ingeteel by die “locals” net om te sien dat dit nooit gewerk het nie, want die duiwe wat ingevoer was, het kort vinnige rolle gegee en die “locals is geteel om baie vêr te “ROL”.

Om te begin sal lede sien dat albei rasse se standaarde begin met “Tipe” en dat die beskrywing dieselfde is in albei die rasse omdat soos met die Birmingham Roller die SA Distance Roller ook in die hand beoordeel word en hantering dieselfde moet wees.

**Tipe:** Birmingham Roller en SA Distance Roller Tipe bepaal of ‘n Roller verteenwoordigend van sy ras is. Dit is die buitelyning van die duif, met ander woorde dit word grootliks deur die vorm van die liggaam, kop, vlerke, stert en veredrag bepaal. Tipe word ook deur die beenstelsel en spierontwikkeling bepaal. Tipe is die eienskappe wat met beoordeling van Rollers, die duifras verteenwoordig, en is van die allergrootste belang. Die ideale Roller moet in die geheel as ‘n dubbeldoel ras gesien word, met ander woorde as ‘n roller en werkende duif in die lug en as vertoner in die loopring, daarom is dit van uiterste belang dat die Roller deeglik hanteer sal word wanneer beoordeel word. Al die liggaamsdele moet in verhouding en in harmonie met mekaar wees. Die hele standaard (omvattend van alles) beskryf die tipe. Beywer vir die teel van tipe/teel na tipe toe. Die eindresultaat van teling moet die standaard in geheel verteenwoordig.

**Liggaamsbou: Birmingham Roller en SA Distance Roller**

Die Roller is van medium grootte, grasieus, ewewigtige kort duif. Van die kant gesien moet die duif nie dik vertoon nie. Van bo gesien moet die duif wigvormig vertoon vanaf die skouers (breedste gedeelte) na die kruis en stert toe (smalste gedeelte). Die borsbeen loop ver deur na agter en sny skerp in na die ysbene toe sodat wanneer die duif hanteer word dit voel of die borsbeen ‘n intergrale deel met die ysbene vorm. Met ander woorde daar moet geen spasie of gat gevoel kan word tussen die borsbeen en die ysbene nie. Die ysbene van die duif moet ook dan stewig voorkom en moet nie met hantering ingedruk kan word nie. Die ysbene moet stewig langs mekaar geplaas wees. Let op vir duiwe wat se ysbene misvorm is of as die een ysbeen stewig is en die ander een sag en buigbaar is, so ‘n duif sal ongebalanseerd in die lug rol ook. Die lengte van die Roller is ongeveer 21 cm by ‘n mannetjie en 20 cm by ‘n wyfie. (Gemeet van waar die nek en die rug bymekaar kom tot by die punt van die stert).

**Kop: Birmingham Roller**

‘n Karaktervolle kop waarvan die boskedel nog bolvormig nog ooglopend plat vertoon is ideaal. Van die kant gesien, styg die voorkop van reg agter die neusvratte met ‘n skerp kurwe direk na bo en na agter, totdat die hoogste punt net voor die oog bereik word. Vandaar vertoon dit vir slegs ‘n kort afstand ‘n reguit lyn en sak dan met ‘n geleidelike kurwe af totdat dit met die nek saamvloei. Van voor gesien, moet die voorkop onmiddelik agter die neusvratte uitrond en taamlik breed en duidelik boogvormig tussen die oë vertoon, nie plat of hoekig nie. ‘n Dun geknypte voorkoms moet vermy word. Die mannetjie moet ‘n man¬like - en die wyfie ‘n vroulike kop toon. Die bek van die Roller moet sterk dog fyn met die bobek effens geboë wees. Die bek van die duif moet egter by die kop van die duif aanpas en ongeveer 18mm lank wees by beide geslagte. Die kleur van die bek is irrelevant omdat die Roller nie vir ‘n spesifieke kleur geteel word nie. Die neusvratte van die Roller moet ten alle tye fyn van tekstuur en helder wit wees ongeag van die ouderdom van die duif.

**Kop: SA Distance Rollers**

‘n Karaktervolle kop waarvan die boskedel geboë en nie plat vertoon nie is die ideaal. Van die kant gesien, styg die voorkop van reg agter die neusvratte egalig skuins op en na agter en sak dan met ‘n geleidelike kurwe af totdat dit met die nek saamvloei. Van voor gesien, moet die voorkop taamlik breed en duidelik boogvormig tussen die oë vertoon, glad nie plat of hoekig nie. Die mannetjie moet ‘n manlike - en die wyfie ‘n vroulike kop toon. Die bek van die SA Distance Roller moet sterk dog fyn met die bobek effens geboë wees. Die bek van die duif moet egter by die kop van die duif aanpas en ongeveer 18mm lank wees by beide geslagte. Die kleur van die bek is irre¬levant omdat die SA Distance Roller nie vir ‘n spesifieke kleur geteel word nie. Die neusvratte van die Roller moet ten alle tye fyn van tekstuur en helder wit wees ongeag van die ouderdom van die duif.

**Oog: Birmingham Roller**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Die oë van die Roller moet effens aan die voorkant van die kop wees en die pupil moet presies in die middel van die oog wees, nie na vore of na onder nie. Die oogring moet klein, fyn en opvallend wees. Die oë moet helder, skoon en sprankelend wees en moet van gesondheid en lewenskragtigheid getuig. Die oë kan enige kleur wees, bv, pêrel, gruis, oranje of geel. 'n Roller moet dieselfde kleur oë hê. Die donkeroog wat by witkopduiwe aangetref word is toelaatbaar maar moet in albei oë dieselfde wees. Duiwe met verskillende kleur oë asook duiwe met gebreekte oë is 'n diskwalifikasie.

**Oog: SA Distance Roller**

Die oë van die SA Distance Roller moet effens aan die voorkant van die kop wees en die pupil moet presies in die middel van die oog wees, nie na vore of na onder nie. Die oogring moet klein, fyn en opvallend wees. Die oë moet helder, skoon en sprankelend wees en moet van gesondheid en lewenskragtigheid getuig. Die oë kan enige kleur wees, bv. pêrel, gruis, oranje of geel. 'n SA Distance Roller moet verkieslik dieselfde kleur oë hê. Die donkeroog (bull) wat by sommige witkopduiwe, kopgemerkte duiwe en wit duiwe aangetref word is toelaatbaar maar moet in albei oë dieselfde wees. Duiwe met verskillende kleur oë is slegs 'n penalisasie maar duiwe met gebreekte oë is 'n diskwalifikasie.

**Nek: Birmingham Roller en SA Distance Roller**

Die nek van die Roller moet van middelmatige lengte wees, netjies afgerond, met egalige, sagte vere. Die nek moet van onder die ore van die duif "uitklok" tot by die skouers, sonder bulte of onreëlmatige kurwes.

**Skouers en Rug: Birmingham Roller en SA Distance Roller**

Die skouers van die Roller moet breed en sterk wees maar moet nogtans by die duif inpas. Die rug moet plat wees en sterk en stewig voel as 'n persoon met sy duim daarop druk. n Pap-, boggel- of skewe rug moet as ernstige foute beskou word.

**Bors: Birmingham Roller en SA Distance Roller**

Die bors van 'n goeie Roller is vol, goed gespierd en moet mooi afgerond wees. Die borsbeen moet ver deurloop na agter met geen afwykende kurwes nie en redelik skerp insny na die ysbene toe. Die borsbeen van 'n goeie Roller moet elasties wees en terugspring wanneer dit liggies ingedruk word. Die punt van die borsbeen moet verkieslik tussen die ysbene eindig sodat die punt nie gevoel kan word nie.

**Vlerke: Birmingham Roller**

Wanneer die duif in 'n rustende posisie verkeer, moet die vlerke styf teen die lyf gevou wees en dit moet lyk asof die vlerke 'n geintegreerde deel van die lyf uitmaak. Die vlerke moet op die stert rus en die dekvere moet die rug heeltemal toemaak sodat slegs die stert van die duif tussen sy penvere sigbaar is. Die punte van die penvere moet netjies bymekaar kom en mag onder geen omstandighede kruis nie. Die hoofslagvere sowel as die byslagvere moet stewige, veerkragtige kerns hê en moet mekaar vêr oorvleuel, sodat daar 'n sterk weerstand is wanneer die vlerk oopgesprei word. Omdat die Roller geteel word om te rol moet die vlerkspiere goed ontwikkel wees, veral die bisepspier, dws die spier wat gevoel word aan die vlerkgedeelte waar die vlerk by die liggaam aanvoeg. Die Roller moet ten alle tye sy vlerke bo-op sy stert hou tydens beoordeling.

**Vlerke: SA Distance Roller**

Wanneer die duif in 'n rustende posisse verkeer, moet die vlerke styf teen die lyf gevou wees en dit moet lyk asof die vlerke 'n geintegreerde deel van die lyf uitmaak. Die vlerke moet op die stert rus en die dekvere moet die rug heeltemal toemaak sodat slegs die stert van die duif tussen sy penvere sigbaar is. Die punte van die penvere moet netjies bymekaar kom en mag onder geen omstandighede kruis nie. Die hoofslagvere sowel as die by-slagvere moet stewige, veerkragtige kerns hê en moet mekaar net oorvleuel, sodat daar 'n sterk weerstand is wanneer die vlerk oopgesprei word. Omdat die SA Distance Roller geteel word om vêr te rol moet die vlerkspiere goed ontwikkel wees veral die bisepspier, dws die spier wat gevoel word aan die vlerkgedeelte waar die vlerk by die liggaam aanvoeg. Die SA Distance Roller moet ten alle tye sy vlerke bo op sy stert hou tydens beoordeling.

**Kruis: Birmingham Roller en SA Distance Roller**

Die kruis moet smal wees en by die algemene simetrie van die duif aanpas.

**Stert: Birmingham Roller en SA Distance Roller**

Die stert van die Roller bestaan uit 12 vere wat dig opmekaar gepak is. Die stert moet nie meer as 15 mm agter die vlerkpunte uitsteek nie. Die stert moet die voorkoms hê van een veer as die duif sit. Die stert moet nie hang of 'n opwaartse neiging toon nie, maar mooi in 'n lyn met die onderkant van die liggaam gedra word

**Bene en Pote: Birmingham Roller**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Die bene en pote moet ryk - rooigekleurd, stewig en goedgeplaas wees. Die bene en tone moet goed gespasieer wees. Die bene moet redelik kort wees en wanneet die duif in ‘n rustende posisie verkeer moet die onderbene vorentoe strek en nie regaf nie, sodat dit lyk asof die duif sonder inspanning kan wegvlieg. Van voor gesien moet die bene parallel en taamlik wyd van mekaar geplaas wees, ongeveer 30mm uitmekaar en die duif moet nie sy eie pote raaktrap nie. Van die kant gesien moet slegs die duif se onderbene sigbaar wees wat aandui hoe kort die Roller se bene behoort te wees en die gedeelte wat dan uitsteek moet heeltemal vry van enige vere wees.

**Bene en Pote: SA Distance Roller**
Die SA Distance Roller word geteel in drie katagorieë naamlik die met skoon bene, die met veerbedekte (“grouse feathered”) bene en die met veerpote.

**Skoonbeen: (Clean Legged)**
Die bene en pote moet ryk - rooi gekleurd, stewig en goedgeplaas wees. Die bene en tone moet goed gespasieer wees. Die bene moet middelmatig lank en reguit wees. Van voor gesien moet die bene parallel en taamtik wyd van mekaar geplaas wees, ongeveer 30mm uitmekaar en die duif moet nie sy eie pote raaktrap nie.

**Veerbedekte: (Grouse feathered)**
Bene en pote soos die beskrywing van die skoonbeen behalwe dat die bene en pote bedek is met kort vere. Die tone en bene mag geen kaal gedeeltes toon nie.

**Veerpote: (Muffed)**
Bene en pote soos die beskrywing van die skoonbeen behalwe dat die bene bedek is met vere en die pote bedek met lang vere. Die vere op die pote moet ten minste 15mm lank wees om in die afdeling te skou maar mag tot so lank as 50mm en selfs langer wees. Die vere op die pote moet egter in ‘n ronde boog van af die bene en tone na agter buig en moet nie gebreek wees nie. Die hakvere van die duiwe moet ook lank wees en kan agter aanmekaar raak.

**Vere en Kondisie: Birmingham Roller en SA Distance Roller**
Die Roller moet van die kop tot die stert en die bobene ‘n ferm, digte en gladde veerbedekking hê. Die vere moet ‘n gesonde en volgroeide voorkoms hê. Die kondisie van die Roller word aan meer faktore as die glansrykheid of ontwikkeling van die veerstelsel beoordeel. ‘n Bepaalde fermheid van spiere en stewigheid van liggaamsbou, veral in die omgewing van die ysbene, is noodsaaklik. Die duif se refleksie moet flink wees en sy gestel moet gesond wees en mag geen taken van moegheid of lusteloosheid verraai nie. ‘n Duif wat vol in die veer is vertoon beter en is dus te verkies. Nogtans behoort ‘n duif wat in eie reg goed vertoon, nie op grond van ‘n paar ontbrekende vere, gepenaliseer te word nie. ‘n Bekwame beoordelaar behoort in staat te wees om ‘n duif na waarde te skat, selfs wanneet dit verveer en dus in normale omstandighede ‘n agterstand teenoor die meeste ander sierduiwe sou hê. Rollers wat enige uitwendige parasiete of gaatjies in die vere het moet onmiddelik gediskwalifiseer word.

**Stand of houding: Birmingham Roller**
Staan in ‘n gehurkte posisie gereed om op te vlieg met ongeveer 30 grade lyn van die middelpunt van die oog tot by die stert. Die duif se onderkant is byna horisontaal vanaf die grond gemeet. Die punt van die stert ongeveer 5 tot 10 mm van die grond en die duif moet ‘n goeie bou en balans weerspieël. Die hele beeld moet wakker, trots en pronkerig wees.

**Stand of houding: SA Distance Roller**
Regop en fors met ‘n lyn van ongeveer 45 grade van die middelpunt van die oog tot by die punt van die stert. Die punt van die stert ongeveer 5 tot 10 mm van die grond en die duif moet ‘n goeie bou en balans weerspieël. Die hele beeld moet wakker, trots en pronkerig wees.















Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Sommer net fotos van die SA Kampioenskapskou 2019 in Pretoria
















Sommer net fotos van die SA Kampioenskapskou 2019 in Pretoria













# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R60 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R40 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 1892 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 1076 |
| 2. | Eastern Region: | 450 |
| 3. | KwaZulu-Natal: | 300 |
| 4. | Northern Cape: | 200 |
| 5. | Northern Freestate: | 150 |
| 6. | Eastern Province: | 150 |
| 7. | Freestate: | 0 |
| 8. | Western Cape: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1.**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229